DIE GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG

# Die Basuin



**15 Mei 2022**


Predikant: Ds. S.P. Venter

Pastorie: 015 296 1840

Sel: 082 809 0222

Epos: sarel.pventer@gmail.com


**EREDIENS** **Ds. Sarel Venter**

**Skriflesing** 1 Korintiërs 3: 9 - 17

**Tema** ***Die doop bevestig ons toekomsis in God se hande***

**Sang**
Psalm 33: 1, 10
Psalm 25: 4
Skrifberyming 14-1: 1, 3
Psalm 105: 5
Skrifberyming 18-6: 1, 4, 5

Waarop steun jy in jou lewe? Met watter gesindheid maak jy jou kinders groot? Hierdie pelgrimslied van Salomo maak dit baie duidelik dat daar geen toekoms sonder God is nie. Die digter sê: "Tevergeefs dat julle vroeg opstaan en laat gaan slaap om met moeite 'n bestaan te maak" (v 2). Ja, al werk ons van donker tot donker, al bring ons groot offers en al span ons al ons kragte in; dit sal ons niks baat as die Here nie daarby is nie. Die huis sal uiteindelik in duie stort en die stad sal ingeneem word. Vir daardie mense wat die Here liefhet, mense wat hulle bouplanne nie sonder God optrek en hulle wagbeurte nie sonder Hom aanpak nie, gee Hy egter sy seëninge "in hulle slaap" (vers 2). Met ander woorde, hulle ontvang dit onverdiend, heeltemal verniet.

Die digter gee 'n voorbeeld van iets wat ons in ons slaap ontvang. Hy sê in vers 3: "Seuns is geskenke van die Here, kinders word deur Hom gegee." En wat meer is, sulke mense, mense wat as't ware in hulle slaap geseën word, hoef nie bang te wees vir die vyand in die stadspoorte nie (v 5). Hulle is soos krygsmanne wat goed toegerus is. Hulle pylkokers is vol. Hulle kan hulleself verdedig. Die grootste "geskenk" wat ons in ons slaap ontvang het, is die Seun van God. As Hy vir ons is, kan niemand teen ons wees nie. Niemand kan ons uit sy hand ruk nie (Joh. 10:28). Ons lewe is veilig in Almagtige hande. Daarom moet ons nie in onsself vertrou of op eie krag of insig staatmaak nie. Ons huwelike, gesinslewe, beroepe, ideale en uiteindelik die lewe in ewige heerlikheid is in Sy hand. Ons Here stort Sy seën oor ons uit. Daarom kan ons die toekoms tegemoet gaan en weet: Die Here se genade is oorvloedig en oneindig groot.



# OOG VIR MEKAAR



- Baie geluk aan Shawn en Annemarie Koekemoer met die doop van Lian en Nadia. Baie geluk aan die oupas en oumas en spesiaal aan oumagrootjie Esther Venter. Baie welkom aan die familie wat vandag hier is. Ons is dankbaar dat tannie Esther goed vorder na die heupvervanging.
- Ons bid vir Nelie Badenhorst wat 'n operasie aan haar arm moet ondergaan. Sy is in Pretoria.
- Ons vra voorbidding vir Theyman Jongbloed wat DV die 26ste Mei 'n breinoperasie ondergaan om 'n gewas te verwyder. Hulle gesin het ons ondersteuning nodig en ons dink veral aan Simonè wat hom emosioneel ondersteun.
- Ina Fouchè was die afgelope week in die hospitaal om verdere behandeling te ontvang. Ons is dankbaar dat dit nou beter gaan.
- Ons bid vir Antoinette Sauerman wat vir Hannes moet versorg, terwyl haar eie gesondheid nie na wense is nie.

  Ons is dankbaar dat dit met tannie Lettie Coetzee se gesondheid beter gaan.
- Ons bid saam met oom Peet en tannie Susan Schutte vir hulle gesondheid. Hulle is nuwe inwoners in Martha Hofmeyer en die ouers van Marius Schutte. Oom Peet is gediagnoseer met bloedkanker.

# KONSISTORIEDIENSBEURT 15 MEI

**Diensbeurt: C2 Potgieter Laan**
**Ouderling: Kobus Coetzee**

**Katkisasie: Les 11**
**Diaken: Roelof Venter**

Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal, weer soos voorheen, voor die erediens in die konsistorie sal vergader.

# HEMELVAART DAG DIENS

Die kerkraad het besluit dat ons 'n erediens op ***Hemevaart Dag*** 26 Mei 2022 om 18:00 sal hê.

# TEESKINKBEURTE



***15 Mei 2022***
Valerie O'Reilly
Chrisna Stander
Megan vd Merwe
Marina vd Walt

***22 Mei 2022***
Elmara Wolmerans
Ester Borman
Christa Carlile
Christine Du Plessis
Colette Du Plessis

**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

# DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| 16 Mei 2022 | 18:00 | ***Kerk*** | Diakonievergadering |
| 17 Mei 2022 | 09:30 | ***Kerk*** | Bybelstudie |
| 18 Mei 2022 | 18:30 | ***Kerk*** | Bybelstudie |
| 18 Mei 2022 | 19:00 | ***Alta Theron*** | Bybelstudie |
| 19 Mei 2022 | 09:30 | ***Alta Theron*** | Bybelstudie |
| 19 Mei 2022 | 19:00 | ***ZOOM*** | Bybelstudie |



# KALENDER



## *Verjaarsdae*

| Datum | Naam | Ouderdom | Belydend / Doop | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|---|
| So 15 Mei | Margi Slabbert | 24 | B | 082 684 5145 |
| Di 17 Mei | ***Faan Korff **** <br> ***Corrie Coetzee **** | ***78*** <br> ***76*** | B <br> B | 072 632 6702 <br> 083 613 1091 |
| Wo 18 Mei | Egbert Mooi <br> Daleen Korff <br> Tavia Mooi | 66 <br> 51 <br> 48 | B <br> B <br> B | 083 310 6277 <br> 083 651 8601 <br> 083 310 6266 |
| Do 19 Mei | ***Bets Erasmus **** | ***77*** | B | 060 405 5932 |
| Vr 20 Mei | ***Nolene Riley ***** <br> ***Ernst Eloff **** | ***88*** <br> ***71*** | B <br> B | 073 149 2040 <br> 083 229 8068 |
| Sa 21 Mei | ***Peter Snyman **** <br> Dienie Landman <br> Kobie Botha | ***78*** <br> 67 <br> 53 | B <br> B <br> B | 084 601 1250 <br> 072 073 8131 <br> 082 457 3908 |

## Huweliksherdenkings

| Huweliksdatum | Lidmate | Jare Getroud | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|
| Do 19 Mei 1984 | Douw & Marietjie Venter | 38 | 082 713 2780 <br> 082 932 9206 |
| Vr 20 Mei 2017 | Jan-Carel & Melissa Oosthuizen | 5 | 082 488 7577 <br> 079 522 1992 |

## GEDAGTE VIR DIE WEEK

*Wees ons genadig, Here,*
*ons vestig ons hoop op U.*
*Wees elke nuwe dag ons krag,*
*ons redding in tyd van nood.*

*Jesaja 33: 2*

## DIAKONIE

**Die diakonie se kosrakke is uitgeput en leeg.** Ons vra almal se **hulp om ons kasrakke aan te vul** en benodig die volgende items:



**Rys; mielie meel; suiker; olie; blikkies kos soos bv vis; groente; tamatie en uie sous; boontjies ens, daar is ook 'n tekort aan toiletpapier; tandepaste en badseep.**

Ons versoek lidmate om ons te help met die met bogenoemde items. Ons versorg baie gesinne van ons gemeente met die kos en ons het almal se hulp nodig.

# DOOP

Vandag word die volgende kindertjies gedoop:



**Nadia Brenmarie Koekemoer en haar tweeling boetie Lian Johannes Koekemoer.**

Ons gelukwense aan die ouers, oupa's en ouma's en al die ander familie.

Mag die Here julle seën met die opvoedingstaak.

# BEWYS VAN LIDMAATSKAP ONTVANG

Die volgende lidmaat word hartlik in die gemeente verwelkom :



Belydende lidmaat Rikus Fouché vanaf NG Kerk Piet Potgietersrus

Ons hoop dat jy welkom sal voel hier in ons midde.

# NAGMAAL

Lidmate moet ASB kennis neem van die volgende:



* **Nagmaal sal op 12 Junie 2022 om 09:30 plaasvind.**
* Lidmate **MOET** kennis neem dat daar slegs **EEN** diens sal wees.
* Lidmate wat Nagmaal aan tafel **(Vir families)** wil ge bruik sal dit kan doen, daar is 6 beskikbaar wees.
* Die ander lidmate sal die rakkies wat agter in die portaal is, gebruik en Nag-maal in die banke gebruik.

# NAGMAAL ETE

Lidmate wat die **Nagmaal ete op 12 Junie 2022** wil bywoon moet asb hulle name op die lys plaas wat agter in die portaal op gesit is.



Braai vleis (steak en wors) sal voorgesit word met pap en lekker sous.

Die susters word versoek om soos wat die gewoonte is met 'n Nagmaal ete asb dan **'n slaai saam te bring**.

Onthou ook om eie eetgerei ens te bring.

***<u>ONTHOU ASB ! ! ! ! ! ! ! ! !</u>***
***Die susters van blok A is verantwoordelik vir nagereg by die Nagmaal ete.***

# SUSTERS AKSIE

***Die susters bied op 27 Mei om 18:00 'n Sop-en-Sjerrie-aand aan.***

Kom kuier en eet saam aan 'n groot verskeidenheid **heerlike soppe uit ons eie Dopper-kombuise.**



***Jou toegang vir hierdie aand is slegs JOU gunsteling pot sop.***

***Skryf jou naam op die lys agter in die portaal*** as jy die onvergeetlike aand gaan bywoon en dui ook aan as jy jou gunsteling sop vir ons gaan maak.

'n Donasiekassie sal ook beskikbaar wees vir die wat 'n donasie wil maak in plaas van om 'n pot sop te bring.

***Ons sien daarna uit om met almal 'n broodtjie te breek en lekker saam te kuier.***

# GEMEENTEKAMP

Die aktiwiteitskommissie beplan ***'n gemeentekamp by JABUWENI vanaf 23 tot 25 Sept 2022.***

Hou hierdie spasie dop vir besprekings en pryse!!!
Kom kuier lekker saam met ons. Dit gaan voorwaar 'n gemeentekamp wees om te onthou!!!!!!!



# Mootlite-kamp Amptelik

In opdrag van Streeksinode Pretoria

mootlitekamp@gmail.com

Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika bied reeds vir 40 jaar die Moot-Skoolverlaterskamp aan. Uit hierdie kamp het die Mootlitekamp ontstaan, wat sedert 2012 baie suksesvol aangebied word.

Die Mootlitekamp is dus 'n amptelike kamp van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Vanjaar se kamp sal DV van 26 Junie-1 Julie aangebied word. Die Kamp het ten doel om leerders van Graad 6-9 toe te rus om hulle Gereformeerde belydenis en geloof te kan uitleef tussen hulle vriende, en te kan staande bly teen die aanslae van die wêreld, natuurlik aanvullend tot hulle ouerhuise en hulle eie gemeentes.

Die kamp skep 'n ruimte waar kinders deur pret, spanwerk en samehorigheid hulle belydenis en Bybelkennis kan verbreed. Daarom behandel ons ook op die kamp hierdie jaar die gebed, soos ons dit bely in Heidelbergse Kategimus Sondag 45-52, en dan daarmee saam Psalm 50:14 "Offer dank aan God, en betaal jou geloftes aan die Allerhoogste; en roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp, en jy moet My eer."

Die belangrike saak van gebed sal dus hierdie jaar 'n sentrale rol op die kamp speel, des te meer in 'n tyd waarin huisgodsdiens, persoonlike stiltetyd en gebed soms agterweë gelaat word.

Ons vra ook asseblief dat kerkrade die weg oop sien om hulle kinders aan te moedig om die kamp by te woon.

Inskrywings by:
https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSeIxJr_rE9jTA5MZqeZRrYl6-EezGc1QPC3iWFLczRjtaQTKg/viewform?usp=sf_link

Vir enige navrae of onduidelikheid kan u gerus vir Ds Lohan Linde skakel op 084 787 5119.
Enige bydraes kan inbetaal word by:
GKWBS Mootlite
Absa Spaarrekening
9116 4825 49,
Verwysing: MOOTLITEKAMP

**Preke**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** Faksnommer | Nantes Kotze (015) 296 0054 (Tel/Faks) 086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | www.gereformeerd.co.za |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede** **Kerkkas** | ABSA Tak 334-248 Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005 Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005 Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005 Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005 Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*Ons is medewerkers in diens van God, en julle is die saailand van God. Julle is ook die gebou van God.*

*1 Korintiërs 3: 9*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS